Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2015

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

PUNTE: **80**

TYD: **2 uur**

IAFRFA1

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	KYK- EN LEESBEGRIP (VRAAG 1)	(30)
AFDELING B:	OPSOMMING (VRAAG 2)	(10)
AFDELING C:	TAAL (VRAAG 3, 4, 5 en 6)	(40)

2. Lees ALLE instruksies baie deeglik.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke VRAAG op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël na ELKE antwoord oop.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Aanbevole tydsindeling:

AFDELING A:	50 minute
AFDELING B:	30 minute
AFDELING C:	40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

KLETS, FLANKEER EN SKINDER MET DUIME …

1 Wie moet blameer word vir die nuwe moderne skryftaal? Ons praat van SMS'e, WhatsApps en BBM's wat deur die vinnige duime van die Milleniumkinders, die nuwe generasie tegnologiese tieners, gemaak word. Hulle bring daagliks ure in die virtuele wêreld van selfoon-, rekenaar- en televisieskerms deur.

2 Hierdie loslit, vinnige en maklike taal is so deel van hulle wêreld dat hulle nie meer korrek Afrikaans (of -Engels) kan praat, skryf en ook beslis kan spel nie. Hierdie reëlloosheid van SMS-taal is 'n nuwe soort vryheid. Hulle rebelleer teen almal wat "stywe" Afrikaans gebruik omdat dit hulself teen die embarassering van swak spelling tydens hulle tienerjare, wanneer hulle 'cool' moet wees, beskerm. Sean Burger (16) sê: "SMS is leka! Jy hoefi te worry hoe jy spelie."

3 Tyd en plek is baie belangrik wanneer jy SMS-taal gebruik. Daar is nie tyd vir lang boodskappe nie. Hoe anders kan jy tyd spaar as om selfgemaakte lyste afkortings en selfs letter- en syferkombinasies te gebruik? Afkortings soos dnk (dankie), cl. (cool), lu (love you), j (jy) is algemeen. Woorde word na willekeur verkort sodat dubbelkonsonante of vokale enkel word: blomme word *blome*, jammer verander na *jamr* en weer word *wr*, terwyl gaan *gn* word. Fonetiese spelling word deur almal gebruik en selfs ouer mense begin dit in hulle selfoonboodskappe gebruik: bietjie word [biki], verduidelik verander na [verduitlik], terug na [trug], ens. Leestekens en hoofletters word emosionele woorde. Skryftekens mors tyd en plek en wie, vra ek jou, gaan die reël van die dubbele ontkenning (die twee nie's) toepas?

4

SMS-taal, soos daar vandag algemeen na verwys word, is oral; ongelukkig nie net in SMS'e en WhatsApps nie! "Die woorde plak in sinne. Hulle verpoos in paragrawe en kom gereeld in opstelle voor en so maak leerlinge hulle eie verkeerde taal- en spelreëls in Afrikaans en Engels." Dit is hartseer dat baie leerlinge nie meer SMS-taal en korrekte Afrikaans of Engels uitmekaar ken nie. Omdat leerlinge minder lees, kan hulle nie die spelling van woorde herken nie. As hulle wel lees, is dit nie boeke nie, soms wel tydskrifte, maar gewoonlik lees Afrikaanse kinders Engelse publikasie om hulle addisionele taal te verbeter. Verder het hulle tegnologiese stokperdjies ook baie min taalvaardigheid nodig.

5 Selfs op universiteite is dit moeilik vir lektore om studente van die "duimtaal" te probeer wegkry. Die taal van eerstejaarstudente is baie swak, want hulle kan nie meer in volsinne praat nie aangesien hulle te besig is om te tik! Tog besef studente wanneer hulle begin werk dat dit belangrik is om goed te kan skryf en reg te spel. Hopelik is dit dan nie te laat nie, want die SMS-skryfstyl kan die taal in die toekoms miskien wel permanente skade doen.

6 Jong taalgebruikers moet verstaan dat taal- en spelreëls nodig is sodat daar nie misverstande is wanneer mense kommunikeer nie. Ons moet die taal aanpas, want dit moenie te formeel en verwyderd wees van die gebruikers daarvan nie. As ons die taal te veel aanpas, sal dit sy identiteit verloor en 'n gemengde taal word. Gebruik maar julle SMS-taal, maar doen dit verantwoordelik sodat julle nie die oorsaak is dat Afrikaans (en Engels) negatief beïnvloed word nie!

[Aangepas: https://web.up.ac.za/sitefiles/file/7305/Afrikaans%20Study%20Guide.pdf]

Woordeboekgebruik:

Los'lit b.nw., bw.	Nie styf nie, natuurlik, ongedwonge.
Reël'loos b.nw., bw.	Sonder reëls, ordeloos, deurmekaar. Geen taal is reëlloos nie.
Wil'le▪keur s.nw.	Sonder reëls of sonder dat jy daaroor dink.
Plak' ww.	Jou sonder toestemming of eiendomsreg vestig. Sy het haar op haar pa se stoel geplak en daar bly sit.
Ver▪poos' ww.	Rus, ruk bly. Laat ons eers hier verpoos voor ons verder gaan.
Mis'ver▪stand s.nw.	Iemand of mekaar verkeerd verstaan. Daar was 'n misverstand tussen die vriende oor wie se boek dit is.
Ver▪wy'der(d) ww.	Vervreem, skei. Die probleem tussen die man en die vrou het hulle van mekaar verwyder.

1.1 Haal EEN woord in paragraaf 1 aan wat die nuwe generasie tegnologiese tieners beskryf. (1)

1.2 Waar vind ons 'n virtuele wêreld? (1)

1.3 Hoekom verkies die nuwe generasie tieners SMS-taal? (1)

1.4 Noem TWEE dinge wat belangrik is om in ag te neem wanneer jy 'n SMS, WhatsApp of BBM skryf. (Paragraaf 3) (2)

1.5 Hoekom, dink jy, rebelleer die jongmense teen "stywe" Afrikaans (en Engels)? (1)

1.6 Verduidelik die volgende onderstreepte woord:

"Jongmense wil **cool** wees en nie worry oor hoe jy spelie!" (1)

1.7 Hoekom kan kinders nie meer goed spel nie? (1)

1.8 Hoekom, dink jy, moet 'n mens **nie net in** jou eie huistaal boeke en tydskrifte lees nie? (1)

1.9 Hoekom kan die onderstreepte woorde as emosionele woorde beskryf word?

Ek het in die eksamentyd, terwyl ek moes leer, geWhatsApp en toe het *MY MA MY FOON AFGEVAT!* (1)

1.10 *Slegs jongmense en tieners gebruik SMS- en fonetiese taal.*

1.10.1 Is hierdie stelling waar of onwaar? (1)

1.10.2 Haal 'n deel van 'n sin (paragraaf 3) aan om jou antwoord in VRAAG 1.10.1 te motiveer. (1)

1.11 Wanneer begin mense besef dat hulle goed moet skryf en reg moet begin spel? (1)

1.12 Hoekom, dink jy, sukkel lektore op universiteite of kolleges om SMS-taal by studente af te leer? (2)

1.13 Wat beteken **duimtaal**? (1)

1.14 Hoekom, dink jy, kan SMS-taal permanente skade aan 'n persoon se spelling doen? (2)

1.15 Verduidelik hoekom dit hartseer is, dat leerlinge nie meer SMS-taal en Standaard-Afrikaans (of Engels) uitmekaar ken nie. (1)

Kopiereg voorbehou

1.16 Hoekom, dink jy, kan daar misverstande in kommunikasie wees as SMS-taal gebruik word? (2)

1.17 1.17.1 Word die uitdrukking in die titel, ***Klets, flankeer en skinder met duime*** ..., letterlik of figuurlik gebruik? (1)

1.17.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 1.17.1. (1)

Lees die onderstaande stuk goed deur en beantwoord die vrae wat volg.



1.18 In hoeveel lande (in totaal) is die Ebola-epidemie die ergste? (1)

1.19 Watter EEN woord in paragraaf 3 sê vir ons dat die WGO nie doodseker is nie, dat meer as 20 000 mense oor 6–9 maande met die virus besmet sal wees? (1)

1.20 Kies die antwoord vir die volgende stelling **wat nie korrek is nie**. Skryf slegs die vraagnommer en letter as jou antwoord neer, bv. 1.20 E.

'n Epidemie is 'n siekte wat ...

A vinnig versprei en dan na 'n tyd verdwyn.
B wat net in 'n sekere gebied is.
C gou oor 'n land of groter gebied versprei en nie 'n kuur het nie.
D vinnig oor kontinente versprei en nie 'n kuur het nie. (1)

1.21 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Dit gaan R5,7 miljard kos om die Ebola-epidemie te (kontroleer/stop). (1)

1.22 Hoeveel mense is tussen 1976 en 2012 aan die Ebola-virus dood? (1)

1.23 Haal EEN woord aan wat sê dat die Demokratiese Republiek van die Kongo nie as deel van die groot Ebola-uitbreek gesien word nie. (1)

1.24 Hoekom, dink jy, moet wêreldleiers by die beheer van die Ebola-virus betrokke raak? (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

INSTRUKSIES

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

- Noem SEWE dinge wat motorbestuurders kan doen om brandstofverbruik te verminder.
- Skryf die wenke puntsgewys neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Laat ŉ reël tussen elke wenk oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde **aan die einde** van die opsomming aan.

WAT MOTORBESTUURDERS KAN DOEN OM BRANDSTOFVERBRUIK TE VERMINDER

1 Brandstofpryse styg en motoreienaars se sakke raak al leër, maar almal moet ry: werk toe, skool toe of sommer net na ŉ vakansiebestemming toe. Daar is egter praktiese raad hoe om jou motor se brandstofverbruik te verminder.

2 Beplan jou uitstappies en take aan die begin van die week sodat jy alles wat jy in een omgewing moet doen, op een slag kan klaarkry. Anders moet jy dieselfde roete meer as een keer ŉ week ry.

3 Hoe vinniger jy ry, hoe meer brandstof verbruik die motor; dus moet jy nie vinnig ry of resies teen ander motors jaag nie.

4 Moenie op voertuie voor jou afjaag net om dan hard en vinnig te stop nie. Dit mors nie net baie brandstof nie, maar dit is ook gevaarlik. Ry liewer stadig en stop egalig.

5 Dit vreet brandstof wanneer jy die versneller vinnig en diep intrap met die wegtrek of die rewolusies van die motor te hoog opjaag. Trek daarom stadig by ŉ stopstraat of rooilig weg.

6 As jy met jou voet op die koppelaar of rem ry, verhoog dit nie net brandstofverbruik nie, maar ook slytasie.

7 Oop vensters bied weerstand wat brandstofverbruik tot 20% kan verhoog. Hou die motor se vensters toe as jy op die oop pad teen ŉ hoë spoed ry.

8 Hoe swaarder die vrag in die motor, hoe meer brandstof verbruik jy. Jy moet daarom nie met onnodige bagasie rondry nie.

9 Bande wat nie styf genoeg gepomp is nie, verhoog jou brandstofverbruik en kan boonop baie gevaarlik wees. Onthou dus om die druk in jou bande weekliks te toets.

[Verwerk uit: *Die Burger* Motorbylae, 2012]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Die vrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.



[Verwerk Uit: *Huisgenoot*, 26 September 2013, bl.53]

3.1 Voltooi die sin:

Die advertensie is 'n voorbeeld van 'n manipulerende teks. Dit beïnvloed die leser om ... (1)

3.2 Wie is die teikenmark van die advertensie? (1)

3.3 Hoekom word die woorde, ***spesiaal vir ons kinders***, in die advertensie gebruik? (1)

3.4 Wat is die slagspreuk van die advertensie? (1)

3.5 Hoekom word die verkleiningsvorme ***lyfies*** en ***kampioentjies*** gebruik? (1)

3.6 Hoekom, dink jy, gebruik die adverteerder baie byvoeglike naamwoorde, bv. **heerlike** en **voedsame** kaasskywe, **ekspert** kaasmakers, **ideale** oplossing, **vervelige** toebroodjies, **heerlike** ete? (1)

3.7 Hoekom is daar 'n hamburger en 'n toebroodjie op die seuns se arms? (1)

3.8 Hoekom verskyn die woord ***Sjô***, voor die slagspreuk van die advertensie? (1)

3.9 Kyk na die prentjie van die seuntjie. Wat beteken sy gebalde vuiste en die feit dat hy sy spiere wys? (1)

3.10 Wat beteken die Afrikaanse uitdrukking: *in 'n <u>japtrap</u>*? (1)

[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: STROKIESPRENTE

Die vrae wat volg, is op die strokies hieronder gebaseer.



[Bron: http.//google.images.com]

4.1 Wat suggereer die dokter se woorde: “Nou is daar geen skade nie ...” in strokie 1 raampie 2 oor Doekvoet? (1)

4.2 Hoekom is daar ’n ellips (...) na Flo se woorde in strokie 2 raampie 2: *Ek het ’n paar resepte, maar ek kan nie dink wie om te nooi nie ...?* (1)

4.3 Hoe weet ons Flo is nie gelukkig met haar man, Andy, se antwoord nie? (Strokie 2, raampie 3) (1)

4.4 Hoe weet ons dat Neelsie direk **met** Meneer praat en nie **van** die meneer nie? (Strokie 3, raampie 1) (1)

4.5 Wat impliseer Neelsie se woorde: “Was daar dan in daardie tyd al radio’s?” (Strokie 4, raampie 3) (1)

4.6 ***Ons kinderdae was een groot fees***. (Strokie 2, raampie 2)

4.6.1 Word bogenoemde stelling konnotatief of denotatief gebruik? (1)

4.6.2 Gee ’n rede vir jou antwoord in VRAAG 4.6.1. (1)

4.7 Wat beteken die volgende idioom? (Skryf slegs die vraagnommer en letter as antwoord neer, bv. 4.7 E.)

Om iemand se skoene vol te staan (verwys na strokie 3).

A Om iemand anders se skoene te dra.
B Om iemand se posisie suksesvol te beklee.
C Iemand se skoene pas jou perfek.
D Iemand se skoene is so gemaklik dat hy vir lang ure kan staan. (1)

4.8 Kyk na strokie 3, raampie 3. Hoe weet ons dat Neelsie **dink**? Gee ’n rede. (1)

4.9 Hoekom word ***Sjoe***! in strokie 1, raampie 1 groter geskryf en deur ’n uitroepteken gevolg? (1)

[10]

VRAAG 5: PROSA

Die vrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.

Prof. Vicki Lambert, hoof van die Sentrum vir Oefeningwetenskap en Sportgeneeskunde aan die Universiteit van Kaapstad, het gister gesê (5.1) Suid-Afrika se (5.2) kinders is te (5.3) vet en kinders van 6 tot (5.4) 19 jaar sit daagliks tot drie ure voor die TV en naweke selfs meer. Baie min van hulle is aktief.

(5.5) Kinders speel nie meer nie en hoewel meer as die helfte geen speelgoed of ontspanningsgeriewe het nie, is daar (5.6) armer lande soos Kenia en Nigerië waar kinders (5.7) aktief is as in Suid-Afrika.

(5.8) "Kinders moet elke dag 'n uur se oefening kry en in Suid-Afrika is dit sowat 20 minute," het Lambert gesê.

Minder as twee-derdes van die (5.9) kinders wil nog aan liggaamsopvoeding (LO) deelneem.

Tot ⅔ van alle (5.10) tieners in Suid-Afrika wil minstens drie keer per week kitskos eet en drink drie keer meer (5.11) gas+koeldrank (260 blikkies per persoon per jaar) as wat die wêreldgemiddelde is. "Daar is ouer-onbetrokkenheid hierin. (5.12) Ouers moet wakker skrik," het Lambert gesê.

Daar moet ook wetgewing wees wat die advertering van ongesonde kos vir kinders moet minder maak. (5.13) Kinders eet te veel kitskos, drink te veel gas+koeldrank en (5.14) speel te min.

[Aangepas uit http://www.dieburger.com/nuus/2014-09-20-sa-kinders-te-vet-sit-te-veel-voor-die-tv]

5.1 Gee die korrekte vorm van die onderstreepte woorde.

Prof. Vicki Lambert het gister gesê **Suid-Afrika se** kinders is te vet. (1)

5.2 Verbind die sinne met die VOEGWOORD **OMDAT**. (1)

Kinders is te vet. Hulle bring daagliks tot drie ure voor die TV deur.

5.3 Gee die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Kinders in Suid-Afrika is **vet**. (1)

5.4 Skryf die getal **19** in woorde uit. (1)

5.5 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM oor.

Kinders speel nog sokker. (1)

5.6 Gee die TEENOORGESTELDE betekenis (antoniem) van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

In **armer** lande soos Kenia speel kinders meer as in Suid-Afrika. (1)

5.7 Gee die VERGROTENDE TRAP van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Kinders in Kenia is **aktief** as kinders in Suid-Afrika. (1)

5.8 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD oor.

Kinders moet elke dag 'n uur se oefening kry. (1)

5.9 Herskryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Kinders wil nog aan LO deelneem. (1)

5.10 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD oor.

Tieners wil minstens drie keer per week kitskos eet (1)

5.11 VERBIND die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Kinders drink drie keer meer (gas + koeldrank) as wat die wêreldgemiddelde is. (1)

5.12 Skryf die volgende sin in die DIREKTE REDE oor.

Lambert het gesê dat ouers wakker moet skrik. (1)

5.13 Herskryf die volgende sin deur die korrekte INFINITIEF te gebruik.

Kinders eet kitskos.

Begin so: Kinders behoort nie ... (1)

5.14 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE oor.

Lambert vra: "Hoekom speel kinders te min?" (1)

[14]

VRAAG 6: PRENT

Die vrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.



Gebruik die woorde in die lys hieronder om sinne 6.1–6.6 korrek te voltooi.

lê	met	lei	tackies	tekkies
vir	rou	onbeskof	uit	by

6.1 Die seun het sy ... aan sy voete. (1)

6.2 Die seun is kwaad ... sy ma. (1)

6.3 Die seuntjie ... op sy bed. (1)

6.4 Die seun is ..., want hy wil nie luister nie. (1)

6.5 Die skoene val ... die kassie uit. (1)

6.6 Gebruik die onderstreepte werkwoord as 'n selfstandige naamwoord in 'n sin.

Die seun **<u>kam</u>** sy hare. (1)
[6]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou